MENTORSKAPPE MET OPKOMENDE BOERE

Agtergrond.

Een van die regering se belangrike doelwitte is om grond beskikbaar te stel vir voorheen benadeelde SA burgers om die landbou te betree. (Grondherforming). Heelwat grond is vanaf 1994 deur die staat aangekoop en beskikbaar gestel aan voormalige opkomende boere. Ongelukkig is 'n groot persentasie van die vestigingsproses van opkomende boere 'n totale mislukking. Hierdie mislukkings kan aan twee belangrike redes toe geskryf word nl: Min of geen ondersteuning van die staat na die toekenning van grond en 'n gebrek aan kundigheid en ervaring.

Tog is daar hier en daar suksesse met die vestiging van opkomende boere. Een van hierdie suksesse is in die Carnarvon distrik in Noord Kaap provinsie. Die rede vir hierdie sukses is die feit dat die Departement van Landbou saam met 'n kommersieële boere hande gevat het en as mentor opgetree het om die boere wat die geleentheid gekry het met grond te ondersteun met die oordra van kundigheid en opleiding.

Vandag na sewe jaar is hierdie groep boere gereed om onafhanklik te boer as kommersieële boere.

Die groep van 4 boere boer onder die naam JAGPAN VENNOOTSKAP BOERDERY.

Hoe werk die resep.

1. **Die regte boere moet geidentifiseer word t.o.v :**
   Hulle agtergrond van boerdery.
   Moet ander inkomste verdien.
   Sober gewoontes hê.
   Moet kan saamwerk as 'n span.
   Eerlik en betroubaar wees.
   Moet 'n liefde vir boerdery hê.
   Verkieslik kan lees en skryf.
   Nie pensionarisse wees nie.

2. **'n Behoorlike Besigheidsplan moet opgestel word wat uit die volgende bestaan:**
   Duidellike doelwitte. Kort – Medium- en Langtermyn.
   Verantwoordelikhede van die partye wat betrokke is.
   Opleidings programme.
   'n Gedragskode.
   Srategieë hoe om die doelwitte te bereik.
   Riglyne vir die evaluering van die besigheidsplan.

3. **Blootstelling.**
   Stel die groep bloot aan alle moontlike gebeure in landbou en laat hulle ook deelneem aan landbou aktiwiteite.
   Roteer die verskillende boerdery funksies onder die groep.
   Vertel van hul suksesse en ook mislukkings.

4. **Die Mentor.**
   Die mentor moet met mense kan werk sonder om baas te speel
   Hy moet goeie praktiese boerdery ervaring hê.
   Hy moet direkte belange as ‘n vennoot in die boerdery hê, soos byvoorbeeld ‘n gedeelte van die vee besit.
   Hy moet waar moontlik toerusting , gereedskap en voertuie beskikbaar stel waar dit benodig word.
   Hy moet gereeld kontak hou met die groep.
   Hy moet kundigheid van buite in bring waar nodig.
   Die mentor se vergoeding moet uit die boerdery kom.
   Die mentor moet koördinerend en rigtinggewend kan optree.

5. **Vennootskappe.**
   Dit is belangrik dat die groep boere onder ‘n vennootskap of Beslote Koöperasie funksioneer met een bankrekening en Koöperasie rekening.
   Die Mentor is weer op sy beurt in ‘n vennootskap met die boere se vennootskap.
   Die vee waarmee geboer word moet as ‘n eenheid geboer word m.a.w die vee behoort aan die vennotskap en nie aan individue nie. Die verhouding van eienaarskap van die vee moet egter beskryf word.
   Indien die boere nie vee besit nie, kan die mentor vee beskikbaar stel wat oor ‘n ooreengekome tydperk deur die groep boere gekoop word.

Suksesse behaal.

Die vestiging van die Jagpan vennootskap boerdery het in 2006 afgeskop en het dievolgende suksesse behaal.

a. In 2009 wen hulle die trofee vir Beste finansieël bestuur by Land Care toekennings landwyd.
b. In 2010 wen hulle die beste groep van 3 lamkarkasse en die tweede plek in die enkel lamkarkas in die nasionale slaglam kompetisie vir opkomende boere.
c. In 2011 en 2012 wen hulle die groep van 3 lamkarkasse en ook die enkel lamkarkas nasionaal vir opkomende boere.
d. In 2013 wen hulle die enkel lamkarkas met die tweede hoogste punt van 99,86 % in die land van opkomende sowel as kommersieële boere.

Opleiding.

Die volgende kursusse is deur die groep bygewoon nl:

Junior Dorper seleksie kursus.

Twee van hulle slaag die senior Dorperkursus.

Weiveld bestuurskursus

Finansieële bestuurskursus.

Probleemdier beheer kursus.

Kuddebestuurs kursusse.

Arbeid bestuur kursus.

Opmerkings.

Die sewe jaar was nie net maanskyn en rose nie. Groot verliese is gely met slengdalkoors uitbraak in die 4de jaar. Gelukkig is daar in die besigheidsplan beskryf dat 10% van hulle winste jaarliks belê moes word en het hierdie spaargeld hulle gedra deur die moeilike jare.

Kontak besonderhede vir verdere inligting.

Gert Steenkamp (Dept. Landbou) Tel. 0832605269.

Gawie van Wyk (Mentor). Tel: 0832703161. E-pos gvw@hantam.co.za

Dirk Sacco (boer) Tel:0792284217.

Jan Moolman (boer) Tel: 0797362126.

Patrick Sacco (boer) Tel: 0716058449.